NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

Mei 2009 **May 2009**

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

Die winter is nou amper op ons, die klimaat is egter nog nie te sleg om tog nog saans in die werkwinkel te kan spartel nie. Ek glo dat almal wat van plan is om iets vir die Uitstalling, Projek Plank of sommer net vir die plesier, of nodigheid daarvan te doen, nou moet wegspring voor jy dalk vir jouself en die res die verskoning sou uitdink dat dit te koud is!

Along this vein, I want to emphasize that the committee is really working on it to accommodate everyone in setting tasks for the future:

- Firstly, we have Project Plank, where you have a very easy mission, namely to make any wooden kitchen utensil. (In doing this you may not win the prize, but you may win some points with your wife by making something that could be useful to her!)
- Great prizes are once again available for the best pieces on show at our yearly exhibition.

So van die uitstalling gepraat: onthou tog maar om so stadigaan met u familie en vriende te gesels oor hierdie belangrike datum op ons kalender. Ons het as een van ons doelstellings die bevordering van- en bekendstelling aan goeie houtwerk. Die uitstalling is die ideale geleentheid hiervoor, maar dan moet ons ‘n goeie opkoms van die publiek verseker. Dit hang grootliks af van hoe goed ons daarin slaag om die geleentheid te adverteer. Die Vereniging maak dus op u persoonlik staat om die aktiwiteit maksimaal te verkondig.

Progamme for May

- **Saturday, 9 May, at 09h00:** The cabinet makers meet at Paul Roberts’, 158 High Street, Ashley Gardens. (Tel 012 460 9100) The discussions will be on a variety of aspects concerning the use of the jointer.
- **Wednesday, 20 May, at 18h00**: The turners will meet at Ben Espach’s workshop. 233, Peerboom Street, Doornpoort. (Tel 012 547 0117 or 082 894 6463)
- **Wednesday, 27 May, at 18h00:** Monthly meeting at the University of Pretoria.

Vorige vergadering

By ons vorige vergadering, op 29 April, het daar so ‘n bietjie probleme ontstaan aangesien twee van die aanbieders dit nie kon maak nie. (Volgens dit wat die baie lede teenwoordig met hulle saamgebring het, het dit geblyk dat veral die gekanselleerde aanbieding oor die herstel van her-laaibare batterye ‘n groot terleurstelling kon wees!).

Die aand het afgeskop met al die aankondigings wat betrekking het op dit waarmee die komitee hulself besig hou. Die belangrikste punte hieruit was die volgende.

- Die battery aanbieding sal wel nog op ‘n latere stadium op die agenda geplaas word. (Ons vertrou dat daar dan weer so ‘n mooi opkoms sal wees! –Red)
- Vir Projek Plank moet ons hierdie jaar enige stuk kombuisgereedskap maak. Geen beperking op hout, grootte of wat ookal nie – jy moet dit net in die kombuis

kan gebruik. (Wees maar bedag daarop om nie die kombuis met die eetkamer te verwar nie!)

- At Smit gaan weer ‘n kunsuitstalling (draaiwerk) hou, hierdie keer saam met die skilder Johan Marais. Die opening, deur Dr Piet Muller, vind plaas op 10 Mei om 17h30. Die uitstalling sal duur tot 28 Mei. Die plek is: Association of Arts Pretoria, Mackiestraat 173, Nieuw Muckleneuk. Die gallery se ure is Dinsdag tot Vrydag: 09h30 tot 17h30, Saterdag: 09h30 tot 13h00. Ek glo dat al ons lede tog maar moet poog om ‘n draai hier te maak ten einde hierdie voorloper van ons vereniging te ondersteun. Die uitgestalde werk is die moeite werd om te besigtig. Nooi ook u familie en vriende uit om saam te gaan. (Ook diesulkes wat ‘n kuns-draaistuk wil koop.)

- Die Vereniging is, soos vroeër gemeld, hierdie jaar 20 jaar oud. Om dit te vier het die komitee besluit om ‘n ontbytgeleentheid vir al die lede wat sou belangstel te reël. Die ontbyt sal gedeeltelik deur die Vereniging geborg word. Die presiese detail is nog nie uitgewerk nie, maar die opvolg hiervan sal mettertyd bekend gemaak word. Hou jouself en jou gade maar gereed om hier teen die lente, wanneer daar nie meer soveel ruby is wat gekyk moet word nie, op ‘n Saterdag saam te kom eet en te kuier.

- Die lede wat nog nie betaal het nie sal voortaan nie verdere Tamboties ontvang nie. (Julle is gelukkig, want ek weet nog nie wie die skuldiges is nie, so julle kry steeds hierdie maand jul kopiè, maar dit is die laaste een. - Red)

Die res van die aand het aan Ben Espach behoort. Ben het ‘n heel interessante demonstrasie gehou aangaande die slypapparaat wat hy onlangs aangeskaf het. Dit is baie duidelik dat hierdie ding werk en sommer vinnig ook. Ben se entoesiasme was aansteeklik en ek glo dat menige met my sal saamstem dat hierdie slyper, met al die addisionele toebehore, ‘n baie goeie opsie is om te oorweeg as jy ordentlike slypwerk wil doen. (Dit is blykbaar die mesmakers se voorkeur slypmasjien, en die produkte wat hierdie mense lewer spreek vanself as dit by kwaliteit kom.)

Ons wat teenwoordig was het toe nie heeltemaal afgehaal gevoel weens die afwesigheid van die ander aanbieders nie.

Tydens ons volgende vergadering, op Woensdag 27 Mei, sal Jean van Wyk met ons gesels oor interessanthede in veband met plante.

Turners’ Corner

I could not attend the last turners’ meeting and therefore had to once again rely on some of our members to get feedback on the proceedings of the day. Going by commentary of attendees and the following article, it seems as if this was a great meeting to attend.

Draaiers byeenkoms – Lou Coetzer

Volgens die besluit om die draaiers se maandelikse byeenkomste tussen 'n Woensdagaand en 'n Saterdag-oggend te wissel, is ons April-byeenkoms op Saterdag 25 April by Carl van der Merwe se werksplek gehou. Nie net het daar 'n groot groep opgedaag nie, maar is van die mooiste draai-items in 'n lang tyd uitgestal en bespreek. Dit sal onvanpas wees om sekeres uit te sonder. Soos gewoonlik is baie interessante vrae gevra en interessante antwoorde gegee. Hiervoor sê menige van die nuwe lede BAIE DANKIE want hulle leer tog so baie by die senior manne. Asof dit net die voorspel tot 'n merkwaardige oggend was, volg daar toe 'n besondere bespreking in twee dele. Die onderwerp was "hegting" oftewel "chucking". Willie de Wet het die eerste deel behartig waarin al die tipes kloukoppe (chucks) wat tans in die mark beskikbaar is, bespreek en vergelyk is. Willie het ook talle hulpmiddels gewys en bespreek wat self vir die verskillende kloukoppe gemaak kan word. Die spreekwoord wat lui: *woorde wek maar voorbeelde strek*, het voorwaar hier tot sy volle betekenis gekom. Toe volg 'n ewe indrukwekkende bespreking deur At Smit van die betekenis van verskillende soorte skroefdraad op draaibanke se

dryfasse en hoe dit prakties benut kan word om draai-items mee te produseer SONDER om van 'n moderne kloukop afhanklik te wees. Dit was voorwaar 'n voorbeeld van baie jare se ervaring asook hoe om "*buite die boks*" te kan dink. Met terugskouing op hierdie twee manne se aanbieding, word dit al hoe meer duidelik dat al daardie kennis en ervaring eintlik in geskrewe vorm bewaar moet word. Hoe lyk dit Willie en At? Sal julle dit nie tog asseblief vir ons op skrif stel nie? Ons sal dit by julle koop!!! Netnou is al daardie kennis verlore.

Baie dankie aan Carl dat ons sy fasiliteite kon benut. Nie net was sy hele werksplek mooi vir die geleentheid ingerig nie, maar het hy ook sy DVD-speler tot Willie se beskikking gestel wat die verrigtinge afgesluit het met 'n advertensie-DVD oor die baie bekende VB 36 draaibank. Dit was 'n baie interessante en insiggewende vertoning van sekerlik die Rolls Royce van alle moderne draaibanke, en een wat die meeste van ons maar net sal kan bewonder.

Hierna is almal voorstoep toe waar Marietjie ons met koffie, tee en heerlike verversings bederf het, nie waar nie Jack?

Die draaiers se volgende maandvergadering is gereël vir Woensdag 20 Mei om 18:00 by Ben Espach. Sy adres is Peerboomstraat 233, Doornpoort. Die voorgestelde draaihuiswerk is óf 'n item met 'n natuurlike rand/wand, óf 'n besondere potjie met sy deksel, óf iets van jou eie keuse om ons mee te verras.

The next turners meeting will be on Wednesday 20 May at 18:00 in Ben Espach's workshop. His address is 233 Peerboom Street, Doornpoort. The proposed homework is either an item with a natural rim/side, or a lidded box (unique design), or something of your own choice.

David Malan se gelamineerde pot het, van al die puik stukke, eerste die oog gevang.

Involuted turning by Willie de Wet. (You have to know how to plan what you wish to achieve to be able to get results like this- Ed)

Op 30 Mei gaan Willie de Wet en vier ander lede van die Vereniging na Pietersburg om weer bande met hulle houtwerkvereniging te verstewig. Volgens alle aanduidings is die program wat hulle gaan volg heel interessant. Ons vertrou dat hulle in volgende maand se Tambotie vir ons terugvoer sal gee.

DRAAIERSBYEENKOMS OP 1 MEI

Deur Lou Coetzer

Op Werkersdag (1 Mei) het 'n groep entoesiastiese houtwerkers, die meeste daarvan draaiers, in Leon Langenhoven se werkswinkel byeengekom. Die hoofdoel was 'n geleentheid vir sosiale wisselwerking tussen die drie noordelike buur-

draaiersgroepe naamlik Pretoria, Witwatersrand en die Gautengse Oos-Rand. Dit is die tweede byeenkoms van hierdie aard nadat dit verlede jaar met die eerste poging deur die Witsgroep geïnisieer is. Dit word om die beurt aangebied en vanjaar was Pretoria die gashere.

Hoewel die klem op sosiaal was met die bedoeling om mekaar beter te leer ken, is heelwat aandag aan draaiwerk gegee. Ten eerste is elkeen gevra om ten minste twee draaistukke saam te bring vir 'n gesamentlike uitstalling. Sodoende kon ons mekaar se werk van naderby beskou en eerstehands wenke uitruil. Ons het sowat veertig stukke gehad om te bewonder. Roger Courtney het ingewillig om 'n paar stukke te kies en krities te bespreek. Sy opbouende kommentaar het die meeste van ons met ander oë na ons draaiwerk laat kyk.

Daarna is 'n baie opwindende draaikompetisie gehou waaraan almal deelgeneem het. Elkeen het teen homself gekompeteer en moes binne 10 minute iets interessants uit 'n stukkie jakarandahout draai. Die tipe items het baie gevarieer met draaitolle die meeste, gevolg deur sampioene, 'n groep kersboomversierings en bakkies. Dit was juis een van die platbodembakkies met 'n dun wand en natuurlike rand wat die prys gewen het. Die prys het gegaan aan Leon Wolmarans. Willie de Wet se bakkie met dekseltjie, wat binne 7 minute voltooi is, was kort op sy hakke. Ongelukkig was daar net een prys.

Die kompetisie is met 'n Frisbee-gooi afgesluit. Die Frisbees moes vooraf tuis gedraai word. Daar is nie juis gelet op die vorm daarvan nie, maar net op die doeltreffende werkverrigting. Elke gooier het drie kanse gehad om sy maksimum afstand te bereik. Sommige Frisbees het in die lang gras verdwyn en moes eers gevind word om die volle afstand te bepaal. Die Frisbees het ook nie almal reguit vorentoe gevlieg nie - meer as gevolg van die gooier wat nie meer in oefening is nie as die aerodinamiese aard van die Frisbee. Hier het Ken Mudge van die Oos-Rand met die louere, 'n bottel wyn, weggestap. Sy Frisbee het die reguitste en verste gevlieg.

Intussen het die twee Leons die vure aangesteek en kon die teenwoordiges in alle erns begin kuier. Daar is nog tot laat Vrydagmiddag gekuier. Hiermee weereens 'n hartlike dank aan Leon en Veronica vir hulle moeite met die fasiliteite en vir Willie de Wet vir al die reëlings.

'n Groepie teenwoordiges wat aandagtig na Willie de Wet sit en luister.

Jack Munting draai ernstig en met volle konsentrasie aan sy kompetisiestuk.

Voorbeelde van die kompetisiestukke met Leon se wenstuk, die bakkie met natuurlike rand, daar in die middel van die klomp, en Willie se 7-minute-bakkie heel voor.

RESURFACING OF CONCRETE FLOORS

My workshop (garage) floor was rather rough and had as many potholes as some of the roads in Tshwane. This made life difficult as I have several machines mounted on castors. I searched far and wide for an economical solution and was very pleased when I came across "**Smooth 'n Patch**" which is an economical durable cement based repair mortar. I compared **Smooth 'n Patch** costs with epoxy coatings and found it to be cheaper. It has a high strength and bonds well to old surfaces, provided that the surface is cleaned and degreased. **Smooth 'n Patch** comes in a two component kit of powder (25 kg bag or 5 kg) and a 5 litre or 1 litre liquid. Normally a thin coat of the mix is screeded. If thicker areas are required to achieve a level or plane surface, then longer drying times will be needed. The drying time for thin applications is 2 – 3 hours (for pedestrian traffic) and ultimate working strength within 3 days.

Smooth and Patch can be bought from Technical Finishes, 35 Adiva Road, Germiston, Tel 011 822-7242. The cost of a 25 kg kit is R179-98 ex VAT for quantities less than 20 and R161-08 for greater than 20. (Prices March 2009).

I used a contractor recommended by Technical Finishes to undertake the work. The contractor was Epoxy-Seal, of Menlo Park (Mr Neil Wagner Tel 082 459-6351). The cost of the work for my 6m x 6m workshop for degreasing and a 2 mm screed was R3845 in September 2006. The work was done in one day and well done. In retrospect I should have requested thicker screed to obtain a more level/plane surface. Naturally you can do it yourself with considerable cost saving.

The surface over the period of almost three years has been excellent and shows no signs of wear or deterioration. Should you wish to inspect the floor and discuss any details please feel free to contact me.

Paul Roberts (084 515 2773)

Advertensies

Draaibank te koop:

Nova DVR, volledig met verlengde bed en „outrigger" gemonteer op 'n BAIE stewige kas.

Die kas het agt laaie en sy wande is gevul met sand vir stabiliteit.
Prys R18000-00, die kas ingesluit (volledige draaibank nuut kos R25584-00).

Navrae: Reinald Böhringer, tel 012 803 0191 / 072 273 1105.

Drill Press For Sale

Delta Drill Press. Bench model

Price: R1000

Contact Roger Courtney

Tydskrifte: Fine Woodworking

Prof Pieter de Lange, een van ons voormalige lede, het ‘n stel **FINE WOODWORKING** tydskrifte beskikbaar vir enige van ons lede wat daarin sou belangstel. Behalwe vir 2 of 3 uitgawes wat verlore is, is die stel volledig vanaf nommer 1 tot nommer 200. Indien jy daarin sou belangstel, skakel hom en maak hom ‘n **aanbod vir die reeks**. Hy wil nie individuele tydskrifte verkoop nie, maar die hele stel. Die jongste uitgawes kos meer as R100 stuk. **Skakel hom by 012-991-6228 of by 082-895-3488**

Woodworking –Woodturning Jigs

Lionel Soekoe, a maker of various jigs for the woodworkers and turners, is known to most of our members. He sent in a comprehensive list of items that he made to simplify a lot of woodworking procedures. I am including this list in the snail mail and will send out an e-mail version as soon as I have converted it. Yours truly is the owner of Lionel’s sharpening system and can testify that it does a superb job.

Lief en leed

Dit is met groot jammerte dat ons moet meedeel dat een van ons “nuwer” lede hierdie maand oorlede is. Willie Stegman het nie lank gelede nie by ons aangesluit. Weens die feit dat hy by Vaalwater geboer het, kon hy uiteraard nie vergaderings bywoon nie, en was hy dus nie aan almal bekend nie. Hy het egter groot belangstelling in ons vereniging getoon en noue skakeling met Willie de Wet gehad, ondermeer om te reel dat van ons draaiers in sy geweste demonstrasies/praatjies sou gaan hou. Dit is ‘n groot jammerte dat hierdie beplanning nie uitgevoer kon word nie. Ons beste wense word aan sy familie oorgedra.

Meubelmakers

Die derde sessie, wat baie goed bygewoon is, was ’n baie interessante sessie. Die hoogtepunt was die verversings, volgens Frans. Aan wie ek, namens almal wat die byeenkoms bygewoon het, bedank vir die beskikbaarstelling van sy werksplek vir die byeenkoms asook die heerlike verversings. Ek moet sê dat ons by elke byeenkoms besonders getrakteer word met die drink en eetgoedjies. Net om diegene wat nog wik en weeg om die meubelmakers se byeenkomste by te woon, word ’n foto van een van die byvoordele getoon om as bykomende motivering te dien.

FOTO 1: HEERLIKE VERVERSINGS

Tydens die byeenkoms het lede hul oefenprojek getoon en vertel hoe hulle te werk gegaan het met die maak van die item. Eerste aan die woord was Brian Addis wat vertel het hoe hy ratvoë van laaie met behulp van die Leigh gemaak het. In Figuur 2 word die Leigh getoon, tesame met die handleiding en die *guide bush*. Laasgenoemde word gestel om die passing van die ratvoeë stywer of losser te maak.

FOTO 2: LEIGH

Daarna het Andrew Turpen ’n probleem wat hy ervaar met die maak van ’n item aan die lede voorgelê. Dit het tot ’n lang besprekingsessie gelei waartydens Andrew meer oplossings vir sy probleem gekry het as waarvoor hy tyd of materiaal het om te implementeer. Soos julle kan sien het almal aandagtig geluister tydens die sessie. Hierdie sessies is van die groot voordele van die meubelmakers se byeenkomste. As gevolg van die magdom van kennis en ervaring in die groep word verskeie oplossings vir ’n probleem gegee, wat nie net vir die betrokke persoon van voordeel is nie, maar vir almal teenwoordig.

FOTO 3: BESPREKING VAN ANDREW SE PROBLEEM

Douglas het daarna sy vordering met sy kassie getoon en gewys hoedat hy swaelstervoeë met ’n baie eenvoudige, maar uiters doeltreffende tuisgemaakte setmaat en router sny (Figuur 4).

FOTO 4: SWAELSTERTVOEG DEUR DOUGLAS

Tydens die *Show & Tell* sessie het Klaas ’n nuwe metode van hegting wat vir sleebeddens gebruik kan word, getoon. Die hegtingsmetode kan ook op baie ander terreine gebruik word en kan by Gelmar gekry word. In Figuur 5 word die metode van hegting getoon.

FOTO 5: HEGTING VIR SLEEBEDDENS

Die volgende byeenkoms van die meubelmakers is op Saterdag 9 Maart 2009 by Paul Roberts Highstreet 158, Ashley Gardens (tel: 012 460 9100). Die onderwerp is skaaf en die aspekte wat behandel gaan word is die instel van die vlakskaaf (jointer), skerpmaak, skaaftegnieke, hulpmiddels en veiligheid.

Danie Venter

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Posbus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za